MNR. & MEJ. CP

4 Maart 2024

**Beste Ouers**

## Mnr. & Mej. CP 2024

***Die wêreld is my speelplek*!**

Hoe sien ons nie uit na ons spog aand, Dinsdag 12 Maart, nie! Ons deelnemers oefen al kliphard aan hulle passies op die verhoog. Kaartjies is gekoop, uitrustings in wording. Wat 'n lekkerte om hierdie saam met u kind te kan geniet. Ons hoop u maak van die geleentheid gebruik om sommer oor 'n koppie koffie of 'n glasie koeldrank met u kind te gesels en te hoor hoe hulle oor hierdie aand voel. Maak weer tyd om te gesels en saam te droom. Vier hul vonkel!

Ons gee graag 'n paar laaste reëlings deur:

- **Foto's** word vanaf 15:00 in Mnr. Neill Scheepers, K9, se klas geneem. Alle deelnemers is welkom om hiervan gebruik te maak. Pakkette is as volg:
  - **Pakket 1: R70 (2 x Jumbo grootte foto's)**
  - **Pakket 2: R100 (2 x Jumbo 1 x (6x9) vergroting)**
  - **Pakket 3: R140 (2 x Jumbo 1 x (6x9) 1 x A4)**
  - **Pakket 4: R120 (We Transfer skakel van foto's) Verskaf asseblief u epos waarheen** ons die skakel kan stuur.

*Ons het 'n hele span dames wat met ons deelnemers sal werk. Hulle sal seker maak dat hulle op hul mooiste glimlag en dit geniet. Stuur asseblief die regte bedrag in 'n koevert met u dogter of seun se naam en van, klas en die pakket duidelik aangedui op die koevert.*

- Ons deelnemers moet asseblief onderskeidelik om **16:30 vir die Juniors** en **19:00 vir die seniors**, in hul toesig klasse aanmeld.

**Junior deelnemers:**

- GRAAD RR-en R-Seuns: Me. Inge Bonthuys, K4
- GRAAD RR-en R-Dogters: Me. Charné Swanepoel, K8
- GRAAD 1-Dogters: Me. Nadia Bode, K7
- GRAAD 2-Dogters: Me. Zilana Uys, K6
- GRAAD 3-Dogters: Me. Lulu Scholtz, K5

**Senior deelnemers:**

- GRAAD 4-Dogters: Me. Charné Swanepoel, K8
- GRAAD 5-Dogters: Me. Nadia Bode, K7
- GRAAD 6-Dogters: Me. Zilana Uys, K6
- GRAAD 7-Dogters: Me. Inge Bonthuys, K4
- GRAAD 7-Seuns: Me. Lulu Scholtz

DIS HOÉ ONS DIE WÁT DOEN

- **Kosstalletjies** waar u kan seker maak almal in u gesin eet voor hulle in die arena hul sitplekke inneem gaan vanaf 15:00 oop wees. U is welkom om by die bankies te sit en kuier terwyl die deelnemers foto's neem en by hul klasse aanmeld. Die stalletjies sal oop wees tot 19:30. Ons versoek asseblief vriendelik tog ernstig dat geen kos of koeldrank in die Rooikat-Arena ingeneem mag word nie. Slegs water.

- **Parkering** sal vir die JUNIORS se geleentheid teen **R20** per motor beskikbaar wees op die Gr. 1-Speelveld vanaf January Masilela se kant.

  Sou u beide vertonings bywoon versoek ons dat u op die Rugbyveld parkeer vanaf Lilken straat. As u net die Seniors se geleentheid bywoon en binne wil parkeer vra ons dat u ook op die rugbyveld parkeer.

  *Ons versoek vriendelik dog ernstig dat u nie op enige ander parkering sal stop behalwe soos versoek nie. Sodoende verseker ons dat u nie vashaak by die hekke nie.*

- **Die wêreld is jou speelplek** – Ons tema is so dat ons deelnemers regtig enige iets kan aantrek wat hulle mooi en spesiaal laat voel. Hulle moet so aantrek dat hulle gemaklik en met selfvertroue kan beweeg oor die verhoog. Dit sal oulik wees as hulle 'n land, kontinent of selfs n eiland kan koppel aan hulle uitrusting.

- **The Love Lock Bridge** is 'n voetgangerbrug wat in Parys, Frankryk geleë is. Dit strek oor die rivier die Seine en dit is versier met duisende slotte wat deur verliefde paartjies daar geplaas is.

  Ons deelnemers gaan elkeen die voorreg hê om hul eie slot aan ons Rooikat- ...

  Mnr. Meintjes gaan daar wees om die oomblik vas te vang vanaf 16:00..

**Rooikat-Groete**

**Dr. Louis Dey**
**HOOF**

**Me. Isabel du Toit**
**ORGANISEERDER**

DIS HÓÉ ONS DIE WÁT DOEN